# Laerskool Impala

11 Oktober 2022

## SKOOLGELDE 2023

Geagte Ouers

Neem kennis van die skoolgelde vir 2023 soos vasgestel en bepaal op die Algemene Ouervergadering gehou op 29 September 2022 om 18:00 in die skoolsaal van Laerskool Impala.

Die volgende **resolusies** rakende die skoolgelde is geneem en almal is eenparig deur die vergadering aanvaar:

**SKOOLFONDSBETALENDE SKOOL**

Laerskool Impala sal voortgaan om 'n Skoolfondsbetalende skool te wees soos uiteengesit in Artikels 38 en 39(1) van die SA Skole Wet.

**IMPALA SKOOLGELDE 2023**

**R1 590.00** per maand oor 'n 11 (elf) maande periode per leerder. Totale skoolgelde vir 2023: **R17 490.00.** Skoolgelde wat ten volle betaal word voor einde Januarie 2023 kwalifiseer vir 'n korting van **R1 100.00.** 'n Eenmalige betaling is dan **R16 390.00**

**IMPALA NASKOOLGELDE 2023**

**R1050.00** per maand vir die 1ste kind en **R995.00** per maand vir addisionele kind in die gesin.

**GR R -STRALEJAKKERS SKOOLGELDE 2023**

**R1 590.00** per maand vir halfdag Jakkers en **R2 640.00** per maand vir voldag Jakkers vir 11 (elf) maande.

**STATUTÊRE VERPLIGTING**

Die betaling van skoolgelde is 'n statutêre verpligting en neem dus prioriteit voor alle ander gelde betaalbaar aan die skool. Gelde wat dus ontvang word sal eerstens vir skoolgeld ge-allokeer word alvorens deelname aan toere, sport, kultuur ens, meegemaak kan word. Die skoolgeld het ook voorkeur bo Naskool. Die skool sal ook geregtelike stappe neem teen agterstallige skoolgelde of die versuim met die betaling van skoolgelde. Die skool

HOOF: MNR W JACOBS

C LE ROUX (ADJUNKHOOF AKADEMIE) M V D WESTHUIZEN (ADJUNKHOOF ORGANISATORIES) L J V RENSBURG (ADJUNKHOOF DISSIPLINE)

35 VAN RIEBEECKWEG
ALLEN GROVE
KEMPTON PARK

TEL : 011 970 3040/1
E-POS : IMPALA@IMPIES.CO.ZA
WEB : WWW.IMPIES.CO.ZA

POSBUS 11141
ASTON MANOR
1630

het ook die reg om enige inligting wat voorsien word te verifieer.

**VOORUITBETALING VAN SKOOL-, NASKOOL, STRALEJAKKERS GELDE**

**ALLE** skoolgelde is vooruitbetaalbaar. Ons besef egter dat dit nie altyd maklik is om 'n eerste skoolfonds- en/of naskool paaiement op **7 Januarie 2023** te betaal nie, aangesien daar soveel addisionele uitgawes is in Januarie 2023. Die Finansiële komitee het dit daarom goed gedink om die Januarie 2023 paaiement vir beide Skoolgeld; Stralejakkers gelde, asook Naskoolgelde betaalbaar te maak voor of op **31 Desember 2022**.

Ons maak staat op u samewerking en glo en vertrou dat dit die probleem met laat betalings vir Januarie 2023 sal oplos. Die volgende betaling vir Februarie 2023 sal geskied voor of op 7 Februarie 2023 en daarna voor of op die 7de van elke maand. Die elfde en laaste betaling sal voor of op 7 November 2023 plaasvind.

'n Woord van dank aan al ons Impie-ouers wat hul skoolgelde getrou betaal. U maak dit vir ons moontlik om ons finansiële verpligtinge na te kom ten einde gehalte onderrig vir u kind te verseker.

Neem kennis dat Debietorder betalings ingefaseer is vanaf 2014. Ons doen 'n beroep op **AL** ons Impie-ouers om van die metode van betaling gebruik te maak. Nie net maak die betalingsmetode vir u dit makliker nie, maar help dit ons rakende veiligheid met minimum kontant by die skool. Debietorder dokumente is by die skool beskikbaar.

**BANKBESONDERHEDE (INTERNETBETALINGS)**

| | | |
|---|---|---|
| Rekening | : | Laerskool Impala |
| Bank | : | ABSA |
| Takkode | : | 630 542 |
| Rek No | : | 12 4085 0440 |

E-pos bewys van betaling na subs@impies.co.za of finansies1@impies.co.za **ALLEENLIK** indien 'n betaling nie op u staat reflekteer nie of indien een betaling gemaak was, wat na verskillende items ge-allokeer moet word. Dui bv. aan R1550 inbetaal. R880 na 0/9 Rugby en R670 na Naskool.

Onthou om u unieke rekeningnommer ten **ALLE** tye te meld.

Impiegroete

Jacobs.

Mnr. W. Jacobs
Skoolhoof